Navrae
Enquiries H. LOMBARD
IMibuzo W.T. WILKINSON

Telefoon
Telephone 403-6447
IFoni 403-6024

Faks
Fax 418-2858
IFeksi

Verwysing
Reference 6 10 B
ISalathiso

PROVINSIALE ADMINISTRASIE WES-KAAP
Onderwysdepartement

PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN CAPE
Education Department

ULAWULO LWEPHONDO LENTSHONA KOLONI
ISebe leMfundo

OMSENDBRIEF 0076/99

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, ADJUNKDIREKTEURE, HOOFDE VAN AFDELINGS, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, LEDE VAN DIE VAKADVIESDIENS, HOOFDE VAN ALLE INRIGTINGS, ASOOK ERKENDE PERSONEELVERENIGINGS EN VAKBONDE

## NAKOMING VAN 'N 40 UUR-WERKWEEK (STAATSDIENSPERSONEEL)

1. Ingevolge 'n arbitrasiebesluit deur die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie, wat ooreenstem met die bepalings van die voorhersiene Staatsdiensregulasie G1.1, is alle personeellede wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 aangestel is (Staatsdienspersoneel), verplig om 'n volle 40 uur-werkweek (etenstye uitgesluit) te handhaaf.

2. Ten einde hul tye in lyn te bring met die tye wat op Hoofkantoor geld, moet alle Staatsdienspersoneel aan diens wees tussen 07h30 en 16h00 met die uitsondering van 'n halfuur etenstyd, wat van 12h30 tot 13h00 (soos by Hoofkantoor) of gedurende pouses geneem mag word.

3. Uit beskikbare inligting blyk dit duidelik dat daar nog verwarring onder sommige personeellede bestaan aangaande teepouses. Tensy werkdruk dit verhoed, mag teepouses soggens en smiddae geneem word. U moet egter daarop let dat teepouses 'n vergunning is en nie as 'n reg beskou kan word nie, aangesien dit deel van die amptelike werksure vorm. Reëlings moet ook getref word dat telefone nooit gedurende teetye onbeman gelaat word nie.

4. Aangesien die handhawing van die gestipuleerde werksure 'n basiese diensvoorwaarde is, word u vriendelik dog dringend versoek om u verbintenis tot dienslewering te toon deur elke dag 'n volle dag se werk te lewer.



PROJEK 166-GEBOU
HANS STRIJDOMLAAN 22
PRIVAATSAK X9114
KAAPSTAD 8000

PROJECT 166 BUILDING
22 HANS STRIJDOM AVE
PRIVATE BAG X9114
CAPE TOWN 8000

5. Ingevolge die dienskontrak wat elke werknemer met die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) aangegaan het, is hy of sy verplig om soggens betyds vir werk te rapporteer en om nie sy of haar werkplek voor die amptelike sluitingstyd te verlaat nie.

6. Toesighoudende personeel word daaraan herinner dat hulle die verantwoordelikheid het om ten opsigte van hierdie en alle ander aangeleenthede 'n voorbeeld te stel. Tweedens moet hulle toesien dat die personeel onder hulle toesig hou by die amptelike werksure, insluitende teepouses, van die WKOD.

7. U samewerking in hierdie verband word waardeer en u word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie Omsendbrief onder die aandag van al die Staatsdienspersoneel onder u beheer te bring asseblief.

ms WNDE. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 9. 8. 1999.